higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

VERLIESBEHEER N6

(11041196)

1 Desember 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

210Q1G2301

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
VERLIESBEHEER N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Noem VYF soorte verslae wat tydens ’n ondersoek van ’n ongeluk geraadpleeg moet word. **[5]**

VRAAG 2

Noem SES materiale wat herwin kan word. **[6]**

VRAAG 3

Jy, die toesighouer, het so pas in die werkwinkel ingestap waar ’n werker ’n ongeluk gehad het.

[6]

Beskryf stapsgewys wat jy sal doen.

VRAAG 4

Ergonomika is die wetenskap van ontleding van die uitwerking van werkprosesse, taakontwerp en werkomgewing op mense se prestasie en gesondheid.

Noem SES ergonomiese risikofaktore. **[6]**

VRAAG 5

Noem DRIE faktore van verlies, buiten fisiese besering van werkers. **[3]**

VRAAG 6

Verliesbeheer is ’n funksie wat nie net op werknemers en toerusting fokus nie. Verliese kan ook deur diefstal, korrupsie en vermorsing plaasvind.

Noem VYF strategieë wat geïmplementeer kan word om diefstal, korrupsie en vermorsing in die stoorarea te verhoed. **[5]**

VRAAG 7

Onveilige praktyke en toestande in moderne bedrywighede is ’n groot bron van potensiële verliese. Verliesbeheer behels die studie van hierdie praktyke en toestande, en die aanbevelings wat gemaak moet word. Wanneer ongelukke voorkom, moet hierdie oorsake ondersoek word om die kans op herhaling te verminder.

Definieer *verliesbeheer*. **[4]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

Wanneer eiendom beskadig word, kan daar direkte en indirekte verliese wees.

Beskryf direkte en indirekte verliese. **[6]**

VRAAG 9

Afvalbeheer moet in die veiligheidsbestuurstelsel geïntegreer word.

Noem AGT belangrike aktiwiteite wat jy in so 'n stelsel sou wou sien. **[8]**

VRAAG 10

Noem die VIER areas waarop die totale gehaltebeheerstelsel fokus en gee EEN voorbeeld van elke area. **[8]**

VRAAG 11

Tydens 'n inspeksie merk jy op dat 'n werker nie bevredigende gedrag in die werkwinkel toon nie (substandaard-optrede).

Hoe sou jy terugvoering hieroor gee? **[8]**

VRAAG 12

Noem NEGE areas (items) wat tydens inspeksies van beroepsomgewingsgesondheid gedek moet word en gee EEN voorbeeld wat jy vir elke area sou nagaan. **[18]**

VRAAG 13

Noem TIEN belangrike items vir 'n verliesbeheerprogram. **[10]**

VRAAG 14

'n Werkspermit moet verkry word om in gevaarlike areas te werk.

Noem SEWE soorte werkareas waarvoor 'n permit gewoonlik verkry moet word. **[7]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou